

DIE HUGENOTE-GEDENKVASVRA AANGEBIED DEUR RADIO SUID-AFRIKA

As deel van die 1988 Hugenotefees het die Afrikaanse diens van die SAUK 'n vasvrapprogram oor die Hugenote aangebied. Spanne van verskeie skole het deelgeneem. Die wenner was Reinhardt Buys en Riëtte Steenkamp, albei van die Hoër Volksskool op Heidelberg (Transvaal).

Hier onder gee hulle hul indrukke van die wedstryd weer.

Gister en Vandag wens hulle hiermee baie geluk.



Riëtte Steenkamp



Reinhardt Buys

Wat dit vir my beteken het om die Hugenote-Gedenkvasvra te wen.

In 'n tydlyn van die Suid-Afrikaanse geskiedenis word sekere gebeurtenisse in hoofletters geskryf; die volksplanting, die Britse besettings, die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog, Uniewording en Republiekwording.

Deur die geskiedenis van die Franse Hugenote deeglik te bestudeer, kom mens in aanraking met een van die mees aangrypende verhale in ons geskiedenis. Sonder die koms van die 150 mense sou ons geskiedenis heelwat anders verloop het. Voortrekkerleiers, digters, skrywers, sportmanne, politici, orals het die Hugenoot-vanne weer en weer na vore gekom. Dis asof 'n deel van daardie volharding en wil vandag nog in elke Afrikaner is.

Die Hugenote-vasvra was vir my 'n onvergeetlike ervaring. Die uitslag van elke eindronde was 'n aansporing om nog meer te gaan navors. Ek en die Hugenote het saam laat nagte deurleef tydens die eerste termyn-eksamen wat gelyktydig met die finale plaasgevind het. Die finale aand het met die gebruikelike spanning en entoesiasme aangebreek. Dat dié spanne sterk was, het ons nie betwyfel nie. Deur elke vraag behoorlik te oorweeg en uit te klaar, behaal ons toe 50 punte uit 'n moontlike 51. Die uitslag was vir my, my spanmaat en ons onderwyseres die produk van weke se toegewyde werk.

Die uiteinde was dat ek alles in die koerante en tydskrifte gevolg het oor die Hugenote-fees. T.V. programme en boeke het ek ook nie misgeloop nie. Op die wyse het ek nog meer oor dié geskiedenis uitgevind - ek het voorheen nie eens geweet ek is ook 'n Hugenoot-afstammeling nie!

Ek sal graag die aanbied van sulke kompetisies wil aanmoedig. Die belangstelling wat so 'n kompetisie by nie net die deelnemers nie, maar ook by die personeel, vriende en ouers wek, maak dit meer as die moeite werd. Miskien 'n vasvra oor die landsvlug?

Reinhardt Buys
St. 9

Die Franse Hugenote, dit was eers nadat ek die vyf bronne volledig bestudeer het dal al die brokies in mekaar begin pas het. Skielik was dit meer as net 'n paragraaf in 'n geskiedenisboek oor die Franse Hugenote. 'n Wonderlike, onbekende wêreld het voor my oopgevou. Hoe meer ek geleer het, hoe meer wou ek weet van hierdie mense wat die voortbestaan van ons land help verseker het. Hoeveel vervolging, smart en lyding het hulle nie deurstaan vir hulle geloofsoortuiging nie? Hulle probleme was ook geensins opgelos nadat hulle hier in Suid-Afrika geland het nie, want hulle moes 'n woeste land tem, sonder die nodige middele, én stadig maar seker hul taal prysgee - maar hulle het dit alles in die lig van hulle leuse: 'post tenbras lux;' of te wel 'lig ná duisternis' gesien. Ons land is egter op soveel gebiede verryk na die Hugenote se koms. Dink maar aan al die leiers wat op byna elke gebied in ons land van Hugenote afkoms is. Moenie my spanmaat vergeet nie! Hy is self 'n briljante afstammeling van die Buys-familie. Behalwe vir die Franse se kennis op landbougebied, het hulle onwrikbare geloof ons volk verder geïnspireer. Hoe trots kan ons as Afrikaners nie wees dat daar van die Hugenote se bloed in ons are vloei nie! vir my was hierdie maandelange 'geleederij' 'n wonderlike, verrykende ervaring wat my in staat stel om in die toekoms ook so doelbewus in my studies te volhard. Nadat die kompetisie verby was, was ek só opgeskeep met myself dat ek besluit het om my kennis uit te brei deur meer intensief in ons land se geskiedenis te delf. Dit was vir my as standerd-sewe-leerling 'n besonderse voorreg om Volksskool by die Hugenote-Gedenkvasvra te verteenwoordig en alle eer aan die Hoër Meisieskool Hugenote wat dit alles moontlik gemaak het.

Riëtte Steenkamp
St. 7